

# INDUSTRIALISASIE IN SUID-AFRIKA: 'N HISTORIOGRAFIESE DEBAT?

Grietjie Verhoef  
Departement Geskiedenis  
Randse Afrikaanse Universiteit  
Posbus 524  
2006 Aucklandpark

## Industrialisation in South Africa: an historical debate?

Historians have not given much attention to industrialisation as an economic phenomenon. The majority of historical publications deal with the social and political implications of the phenomenon. This article analyses the work of economic historians initially, then the publications of economist historians. Agreement exists on the cost of industrial protectionism, as well as the initial necessity thereof to stimulate economic growth. Economists intensively debated the government's decentralisation programme and questioned the political motivation for the policy. The revisionist historians' publications basically address the idea that political policies were used to ensure capitalist development. The author finds that very little real debate has taken place between the first two groups of writers and the revisionist historians.

Industrialisasie as 'n ekonomiese verskynsel het min aandag van historici ontvang. Die meeste publikasies van historici handel oor die sosiale en politieke implikasies van die verskynsel. Hierdie artikel ontleed die werk van ekonomiese historici in die eerste plek, dan die werk van ekonome en daarna reVISIONISTIESE historici. Daar is groot ooreenstemming oor die koste van aanvanklike industriële proteksionisme, asook die aanvanklike nut daarvan ten einde ekonomiese groei te stimuleer. Ekonome het indringend gedebateer oor die owerheid se desentralisasieprogram en veral die politieke rasionaal daaragter bevraagteken. Die reVISIONISTIESE publikasies oor industrialisasie handel hoofsaaklik oor die idee dat politieke beleidsrigtings geïmplementeer is om kapitalistiese ekonomiese ontwikkeling te verseker. Die skrywer beweer dat min werklike debat tussen die eerste groepe skrywers oor industrialisasie en laasgenoemde reVISIONISTIESE historici plaasvind.

*"The aim of research is not to twist facts to prove a theory, but rather to adapt the theory to provide a better account of the facts."*

Carlo M. Cipolla<sup>1</sup>

---

C.M. Cipolla, *Between history and economics. An introduction to economic history*, Basil Blackwell, Oxford, 1991, p. 17.

Industrialisasie is primêr 'n makro-ekonomiese verskynsel, opgebou uit meerdere mikro-ekonomiese komponente. Die studie van industriële geskiedenis sluit dus beide 'n makro- en mikrobenadering in. Die studie van die breër verskynsel van industrialisasie sedert die agtiende eeu is deel van die bestek van ekonomiese geskiedenis, wat wesenlik 'n makro-ekonomiese dissipline is. Die studie van die groei van spesifieke industrieë of industriële ondernemings, is weer die mikro-ekonomiese dissipline van sakegeskiedenis. In die Suid-Afrikaanse historiografie is min tot nou toe nagevors en gepubliseer oor die makro-ekonomiese en die mikro-ekonomiese aspekte van industrialisasie as sodanig. Daar is min ekonomiese historici wat oor industriële ontwikkeling skryf. Dit wil egter voorkom of historici met opleiding hoofsaaklik in sosiale en politieke geskiedenis, pogings aangewend het om die sosiale verskynsels van industrialisasie te beskryf en verklaar. Die fokus het in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing oor industrialisasie eerder geval op die verband tussen industrialisasie as 'n bepaalde fase van kapitalistiese ontwikkeling en die spesifieke politieke model van die land. Reeds in 1989 het Christopher Saunders daarop gewys dat die groter aandag wat aan industrialisasie verleen is sedert 1970, baie min te doen gehad het met die ondersoek na industrialisasie as 'n ekonomiese verskynsel of diepgaande navorsing oor industrialisasie as sodanig. Die meeste van die neo-marxistiese skrywers sedert die vroeë 1970's was sosioloë wat 'n politieke ekonomie-benadering gevolg het. Dit beteken dat 'n bepaalde paradigma met betrekking tot die verhouding tussen politiek en ekonomie aanvaar is en van daaruit na die impak van byvoorbeeld industrialisasie gekyk is. Min van die neo-marxistiese of revisionistiese skrywers het enige gevorderde opleiding in Ekonomie en meeste van diegene wat wel aanstellings in Departemente Ekonomiese Geskiedenis gekry het, het sosiale en nie ekonomiese geskiedenis nie geskryf.<sup>2</sup> 'n Sosiale geskiedenis van industrialisasie sê vir mens baie min oor industrialisasie as ekonomiese verskynsel as sodanig, hoewel dit wel kan wys op die sosiale impak op mense, verstedeliking, godsdienstige en kulturele veranderings, ensovoorts. Die revisionistiese skrywers het sedert die vroeë sewentigerjare 'n bepaalde politieke agenda gehad, naamlik om die funksionaliteit van kapitalisme as 'n spesifieke ekonomiese stelsel, vir die politieke model van rasseseiking in Suid-Afrika aan te toon. In daardie proses is die politieke ekonomie van industrialisasie vanuit die abstrakte waarde-teorie en nie ekonomiese geskiedenis van industrialisasie in Suid-Afrika nie geskryf.

In hierdie artikel val die fokus op wat wel oor industrialisasie in Suid-Afrika geskryf is. Eerstens word gekyk na algemene ekonomiese geskiedenis oor industrialisasie, daarna word gewys op die publikasies in Ekonomiese tydskrifte daaroor en laastens na die publikasies van revisionistiese skrywers oor industrialisasie. Ten slotte word die vraag of daar 'n historiografiese debat onder Suid-Afrikaanse historici aan die gang is oor industrialisasie, onder die loep geneem.

## 1. Ekonomiese historiografie oor industrialisasie in Suid-Afrika

In die Suid-Afrikaanse historiografie bestaan daar drie algemene ekonomiese geskiedeniswerke wat ook na industrialisasie kyk. Daar is eers die werk van 'n ekonoom, Jill Nattrass, *The South African economy. Its growth and change*, Oxford University Press London, 1981.

---

2. C. Saunders, "The historiography of industrialization: Some reflections". Referaat gelewer voor Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging se Konferensie, Pietermaritzburg, Januarie 1989.

Hoewel Nattrass fokus op die strukturele veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert 1860 reeds, is daar 'n deeglike oorsig oor die verloop van industrialisasie in Suid-Afrika. Nattrass wys daarop dat die mynbougeoriënteerde ekonomie van Suid-Afrika maklik by daardie fase van ontwikkeling sou kon vasgesteek het as dit nie was dat buitelandse kapitaal se beheer oor die bedryf met verloop van tyd deur sterk plaaslike politieke wil verplig is om deel van hul surplus plaaslik te investeer nie. Eers wanneer surplus uit die primêre produksie plaaslik aangewend word, kan 'n ekonomie ontwikkel na die volgende stadium van sekondêre industrieë.<sup>3</sup> Die eerste poging van ekonomiese historici om 'n ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika te skryf, was die publikasie onder redakteurskap van F.L. Coleman, *Economic history of South Africa*, HAUM, Pretoria, 1983. Die twee hoofstukke daarin deur Antony Lumby oor industriële ontwikkeling, vestig die aandag op die grondslae van industrialisasie in Suid-Afrika voor 1924, maar beskou die doelbewuste beleid van industrialisasie deur middel van proteksionistiese beleidsrigtings daarna as die keerpunt met binnelandse nywerheidsontwikkeling. Lumby wys op die besondere rol van goud: eensyds het die goudstandaardkrisis van 1931-1932 binnelandse industrieë ernstig gekniehalter en andersyds het die onwillige afstanddoening daarvan en die gepaardgaande devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond in Desember 1932, weer die deurbraak verskaf vir hernude industriële vooruitgang.<sup>4</sup>

Die derde en die mees omvattende ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika het eers in 1992 die lig gesien. Dit is die werk van Stuart Jones en André Müller, *The South African economy, 1910-1990*.<sup>5</sup> In hierdie werk word industrialisasie ontleed in drie fases, naamlik 1910-1933, 1933-1961 en na 1961. Die skrywers dui aan dat sekondêre industriële ontwikkeling reeds voor uienewording plaasgevind het en in drie duidelike kategorieë verdeel kan word, naamlik 1) nywerhede wat weens die beperkte plaaslike mark nie moderne tegnologie gebruik het om mededingend te produseer nie (byvoorbeeld die plofstofindustrie); 2) nywerhede wat 'n hoë mate van natuurlike beskerming geniet het vanweë die hoë vervoer-, versekerings- en hanteringskoste van invoere, en 3) nywerhede wat mededingende voordeel geniet het weens die beskikbaarheid van rou materiale. Die skrywers is ook van mening dat die dertigerjare die werklike beginjare van industriële transformasie in Suid-Afrika was. Weens devaluasie het die goudprys verhoog en so die ontginning van laegraadse erts weer ekonomies lewensvatbaar gemaak. Die oplewing in die goudmynbedryf het 'n vermenigvuldigereffek in die nywerheidssektor tot gevolg gehad — veral die konstruksie- en plaaslike vervaardigingsbedryf.<sup>6</sup>

Juis in die tyd van werklike industriële opbloeï, het daar 'n paar werke verskyn wat die opkoms van industrialisasie uitgewys het. Hier word verwys na M.H. de Kock, *Selected subjects in economic history*,<sup>7</sup> en M.H. de Kock, *The economic development of South Africa*,<sup>8</sup> D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa*,<sup>9</sup> en G. Bosman, *The*

---

3. J. Nattrass, *The South African economy*, pp. 162-163.

4. A. Lumby, "Industrial development prior to the Second World War", in F.L. Coleman, *Economic history of South Africa*, pp. 204-220; L. Katzen, *Gold and the South African economy*, Balkema, Cape Town, 1964.

5. Macmillan, London, 1992.

6. *Ibid.*, pp. 64-65.

7. Cape Town, 1924.

8. Westminster, 1935.

9. London, 1931.

*industrialization of South Africa.*<sup>10</sup>

Al hierdie werke beklemtoon die strukturele verandering in die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert die laaste kwart van die negentiende eeu deur die ontwikkeling van die mynbedryf. Daar is wel onderling verskil oor presies wanneer industrialisasie in Suid-Afrika begin — na 1914, die 1920's, na 1924, gedurende die 1930's en vroeë 1940's — maar dié verskille hou meer verband met die kriteria wat aangewend is. Die eerste nywerhede word reeds voor 1910 aangetref, vgl. A.N. Pelzer.<sup>11</sup> Die sogenaamde 'rewolusie' in plaaslike industrialisasie, word geïdentifiseer eers na 1924. Hierdie ouer skrywers se publikasies het egter té vroeg verskyn om die hoogbloeï van Suid-Afrikaanse industrialisasie na die Tweede Wêreldoorlog in oënskou te neem. C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa social and economic*,<sup>12</sup> en H.M. Robertson, *South Africa economic and political aspects*<sup>13</sup> het in die veertiger- en vyftigerjare reeds die onomkeerbareheid van die proses van industrialisasie in Suid-Afrika as histories gegewe verklaar. Al hierdie eerste skrywers beskou industrialisasie as 'n teken van vooruitgang, ontwikkeling en die groter volwassewording van die Suid-Afrikaanse ekonomie, deurdat die fases van primêre produksie gevolg is deur sekondêre ekonomiese aktiwiteit.<sup>14</sup> Hierdie skrywers staan ongetwyfeld binne die tradisie van die subjektiewe voorkeurteorie wat aan die individu en sy besluitneming 'n sentrale rol toeken en derhalwe die ontwikkeling van kapitalisme vanaf die agrariese en mynboufasies tot industrialisasie as vooruitgang beskou.

In 1964 skryf Hobart Houghton, *The South African economy*,<sup>15</sup> waarin die stand van industriële ontwikkeling en in besonder die vervaardigingsbedryf ontleed word. Houghton het veral klem geplaas op die rol van die beleid van industriële beskerming in die vestiging van die bloeiende binnelandse vervaardigingsbedryf na 1924. Die studie van A. Norval, *A quarter of a century of industrial progress in South Africa*<sup>16</sup> het meer sistematies na die groei in spesifieke bedryfstakke en aantal nywerhede, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, gekyk. Norval het as ekonoom na die groei van industrieë in die totaliteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie gekyk. Sy werk is baie waardevol, omdat dit statistiese gegewens bied waaruit die historici afleidings kan maak en verbande kan trek. Norval se werk dui op die strukturele verandering in Suid-Afrika se vervaardigingsindustrieë tot die vroeë sestigerjare. Ook die werk van Jones en Muller, asook die hoofstukke van Lumby in *Coleman*, bespreek volledig die verandering van die drie kategorieë van vervaardiging (waarna vroeër verwys is), totdat vervaardiging in die metallurgiese en ingenieursbedrywe in die na-oorlogse periode van groter belang geword het. Voedsel- en drankindustrieë asook klerasie was steeds prominente vervaardigingsbedrywe teen 1961 en vanaf 1961 wys die skrywers op die groei in die vervaardiging van intermediêre goedere. Twee baie omvattende

---

Middelburg, 1938.

A.N. Pelzer, "Die vroegste pogings tot industrialisasie in die Suid-Afrikaanse Republiek", *Historia* 14(4), 1969.

London, 1940.

13. Durham, 1957.

14. De Kiewiet praat van die groei van nywerhede as 'n "... sign of greater maturity. Political self-direction carried with it the plain obligation of greater economic self-sufficiency ... Economic independence made political power independence more real. Settlers became more than colonials working in field and forest for a distant metropolis; they became citizens of a modern State marked by a diversity of economic undertakings"; C.W. de Kiewiet, *History of South Africa social and economic*, pp. 261-262.

5. Cape Town, 1964.

6. Cape Town, 1962.

artikels in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* deur S.J. Kleu<sup>17</sup> en G. Marais<sup>18</sup> vul hierdie bogenoemde werke aan deur te wys op die groeiende rol van industriële produksie as 'n persentasie van Suid-Afrika se BBP (veral die groei daarvan totdat dit in 1965 vir die eerste keer 'n groter bydrae tot die BBP gelewer het as die gesamentlike bydrae van die landbou- en die mynbousektore) en die toename in vervaardigingsuitvoer as persentasie van industriële uitvoer en van totale uitvoer. Hierdie skrywers (ook nie historici nie, maar ekonome) fokus op die ekonomiese prosesse van groeiende en krimpende binnelandse en buitelandse vraag/markte (aan die hand van die twee wêreldoorloë), buitelandse handel en die groei van binnelandse tegnologiese prosesse wat Suid-Afrika se industrialisasie sedert die vroeë twintigste eeu tot lank na 1970 beïnvloed het.

Die owerheid se beleid van industriële proteksionisme as strategie vir industrialisasie het net sydelings aandag gekry. Lumby ontken nie die belangrikheid van die matige tariefbeskerming van 1915/16 vir industrialisasie nie, maar hy wys daarop dat die eerste stimulus vir industrialisasie gekom het met die Eerste Wêreldoorlog: mededingende invoere is afgesny en daardeur het plaaslike vervaardigers die geleentheid gekry om in daardie vraag te voorsien terwyl oorsese leweransiers in die oorlog vasgevang was.<sup>19</sup> Skrywers oor die beleid van tariefbeskerming (eers hoofsaaklik om inkomme-oorewegings) en later die doelbewuste beleid van die beskerming van plaaslike nywerhede deur middel van tariewe en 'n strategie van invoervervanging na 1924, het wel op die voorkoms van soortgelyke beleidsrigtings in ander industriële lande gewys, maar het dit nogtans beskou as 'n ingrype in die soewereiniteit van die mark en 'n aanvaarding dat 'n *laissez-faire* ekonomie gebaseer op die voortgesette groei van die landbou- en die mynbedryf, opgehef moes word.<sup>20</sup> Jones en Müller, Natrass, Lumby, Archer<sup>21</sup> en Bottomley<sup>22</sup> beklemtoon die feit dat die owerheid in 1924 in die eerste plek die bevordering van binnelandse industrialisasie gesien het as 'n meganisme om die vraagstuk van armoede en werkloosheid onder blankes op te los. Hierdie skrywers erken almal dat die Pakt-regering se besluit om tariewe op invoer te hef om plaaslike industrieë te beskerm en om 'n strategie van invoervervanging te aanvaar, inderdaad bygedra het tot die snelle toename in die industriële produksie sedert die middel-twintigerjare. Hierdie skrywers baseer hul standpunte op die industriële sensus wat drastiese toenames in

- 
17. S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 41(4), 1973.
  18. G. Marais, "Structural changes in manufacturing industry, 1916 to 1975", *South African Journal of Economics* 49(1), 1981.
  19. A.B. Lumby, "A comment on the real forces in South Africa's industrial growth prior to 1939", *South African Journal of Economic History* 5(1), March 1990.
  20. Vergelyk die vroeë artikels in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* tydens die periode van die implementering van die beleid: J.N. Reedman, "Report of the Industrial Legislation Commission", *South African Journal of Economics* 4, 1936; F.A. Byron and R. Smith, "The expansion of industry and the supply of labour", *South African Journal of Economics* 9, 1941; R.L. Trenfell, "Some comments on secondary industry in South Africa", *South African Journal of Economics*, Vol. 14, 1946; asook die artikel van W. Busschau waarna verwys word in voetnoot 20 van Trenfell se artikel.
  21. S. Archer, "The South African industrialization debate and the tariff in the inter-war years", *The Societies of Southern Africa in the Nineteenth and Twentieth Centuries*, Vol. 11, Institute of Commonwealth Affairs, University of London, 1981; S. Archer, "South Africa's industrial experience in perspective", *Social Dynamics* 13(1), 1987; S. Archer, "Industrial protection and employment creation in South Africa during the inter-war years", *South African Journal of Economic History* 8(2), September 1989.
  22. J. Bottomley, The application of the theory of "economic backwardness" to South Africa, 1881-1924", *South African Journal of Economic History* 8(2), October 1993.

die hoeveelheid industrieë, bruto produksie, verwerking van rou materiaal, indiensnemingsvlakke, toegevoegde waarde in industriële produksie en relatiewe bydrae tot die BBP betref. Daar word ook algemeen aanvaar dat die uitbreiding van die mynbedryf die kapitaal gebied het vir die uitbreiding van plaaslike industrieë, aangesien die koste van proteksionisme hoog was. Kahn<sup>23</sup> wys in 'n meer resente studie dat invoervervanging redelik suksesvol was ten aansien van hoofsaaklik verbruiksgoedere, maar dat die invoer van masjinerie, motor- en vervoertoerusting (dus kapitaaltoerusting) hoog gebly het.

Die proteksionisme en invoervervangingstrategie het egter nie aan die verwagtinge van werkskepping voldoen nie (vgl. Archer 1989) en grootliks bygedra tot kapitaalverdieping van die Suid-Afrikaanse vervaardigingssektor.<sup>24</sup> Ander bronne van verhoogde industrialisasie waarna verwys word is die beskikbaarheid van arbeid en ondernemerskap (hoewel die produktiwiteit van arbeid, veral sedert die sewentigerjare problematies geag word te wees), verbeterde infrastruktuur en die binnelandse groei van die yster- en staalbedryf.<sup>25</sup> Hierdie skrywers konsentreer dus op die ontleding van syfers uit die nasionale rekeninge ten einde die werklike groei en uitbreiding van industrieë in Suid-Afrika te beskryf as deel van die ontwikkeling van die ekonomie. Daar is egter nie enige historiese werk wat die invloed van beskerming/tarieve op die uitbreiding van industrieë ondersoek nie.

Die tweede tema waaroor daar meer geskryf is in die Ekonomiese joernale as in Historiese joernale, is nywerheidsdesentralisasie. Die ekonomiese debat wentel hoofsaaklik om die versteuring van vrye markkragte, pogings tot manipulasie van arbeid en die gewelinge koste verbonde aan die nie-optimale benutting van bronne, waardeur industriële effektiwiteit ingeboet word. Jones en Müller (pp. 286-293), Lumby (pp. 239-244) en Natrass (pp. 180-183) beklemtoon die argumente ten gunste van groter geografiese verspreiding van industrieë in Suid-Afrika, maar wys op die mislukking van die owerheid se doelbewuste pogings tot nywerheidsdesentralisasie. Die skrywers beskou dié beleid van die owerheid as deel van die groeiende (ongesonde) owerheidsingryping in die ekonomie, waarteen, in terme van die vrye markstelsel, gemaak word. Dit is veral Merle Lipton wat die desentralisasieprogram in Suid-Afrika eksplisiet as 'n politieke program van die regering van die dag kritiseer. Sy wys op die negatiewe uitwerking van dié beleid op groei in die metropolitaanse gebiede en die kostestruktuur van industrieë deur die wanallokering van arbeid en kapitaal.<sup>26</sup> Ook Lumby (1989) verklaar dat die beskerming van spesifieke industrieë, in hierdie geval die sementindustrie, die kostestrukture van aanverwante industrieë negatief geraak het.<sup>27</sup> Maar ook in die geval van die vraagstuk rondom nywerheidsdesentralisasie, vind mens geen omvattende historiese ondersoek na die verloop en die uitwerking van die beleid van desentralisasie op die Suid-Afrikaanse ekonomie nie.

- 
23. S.B. Kahn, "Import penetration and import demand in the South African economy", *South African Journal of Economics* 55(3), 1987.
  24. B. Standish, "Resource endowments, constraints, and growth policies", in I. Abedian and B. Standish (eds.), *Economic growth in South Africa. Selected policy issues*, Oxford University Press, Cape Town, 1992, p. 118. Vgl. ook pp. 138-140; J. Natrass, *The South African economy*, pp. 165-168 en A. Lumby, "The customs tariff and the cement industry in South Africa, 1886-1939", *South African Journal of Economic History* 4(1), 1989, waarin Lumby wys op die feit dat tariefbeskerming die sementbedryf bevorder het, maar nie meer blanke-indiensneming daarin verseker het nie.
  25. Vergelyk byvoorbeeld Jones en Müller, *The South African economy, 1910-1990*, pp. 167-169.
  26. M. Lipton, *Capitalism and apartheid. South Africa, 1910-1986*. Wildwood House, London, 1986, pp. 244-247.
  27. A. Lumby, "The customs tariff and the cement industry in South Africa, 1886-1939", *South African Journal of Economic History* 4(1), 1989.

Ekonomiese historici het dus industrialisasie, in die woorde van Tom Kemp, beskou as "... the means to raise living standards and to ensure national independence ...",<sup>28</sup> Industrialisasie word beskou as die dryfveer van ekonomiese groei, by uitstek sedert die 1960's en as die bron van verbeterde lewensomstandighede vir die deursnit Suid-Afrikaner.<sup>29</sup> Industrialisasie het ook meegebring dat die tersiêre sektor sterk groei getoon het, waardeur lewenstandaarde en inkomme vlakke verder noemenswaardig toegeneem het.<sup>30</sup> Daar word nie ontken dat daar steeds 'n dualisme in die vlak van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika bestaan nie, of dat landelike en stedelike armoede steeds bestaan nie. Die oorkoepelende beskouing is egter dat die kapitalistiese vryemark oriëntasie die grootste moontlike geleentheid tot verhoogde lewenstandaarde bied.

## 2. Ekonomie in diskussie oor industrialisasie

Die vroegste publikasies oor die stand van industrialisasie in Suid-Afrika het die eng basis van industriële aktiwiteit in die land uitgewys. Industrieë het hoofsaaklik bestaan uit nywerhede wat die beskerming van die goudmynbedryf geniet het.<sup>31</sup> Ekonomie het gou begin bepleit dat Suid-Afrika beskerming van owerheidsweë moet kry om die groei van binnelandse nywerhede aan te moedig. Suid-Afrika is beskou as 'n laatkommerland volgens die Gerschenkron model, met 'n beperkte binnelandse mark en hoë vervoerkoste. Dit sou dus regverdig dat tariefbeskerming aan plaaslike nywerhede verleen moet word. Talle skrywers het sterk gepleit vir tariefbeskerming vir binnelandse industrieë.<sup>32</sup> Die aandrang op meer omvattende tariefbeskerming het gevolg op die bedreiging van die bestaan van juis daardie nywerhede wat in die oorlogsjare gevestig is, maar na die afplating van die na-oorlogse oplewing, gevaar geloop het om ten gronde te gaan. Talle publikasies het aangedring daarop dat die Smuts-regering die tydelike Raad van Handel en Nywerheid vervang met 'n permanente liggaam wat omvattende beskerming kon verleen.<sup>33</sup> Die uiteindelijke Pakt-regering beleid van tariefbeskerming en invoervervanging is begroet met ondersteuning én teenkanting: dit was veral die goudbelange wat verhoogde tariefbeskerming teengestaan het, omdat hoër tariewe die koste van hulle ingevoerde insette sou verhoog. Die ondersteuning was gebaseer op die verwagte vermenigvuldigereffek wat binnelandse nywerheidsontwikkeling

28. T. Kemp, *Industrialisation in the non-western world*, Longman, London, 1989 p. 11.

29. S. Jones, "Real growth in the South African economy since 1961", *The South African Journal of Economic History* 5(2), September 1990.

30. S. Jones, "Real growth in the South African economy since 1961 - Part II: The tertiary sector", *The South African Journal of Economic History* 6(1), March 1991.

31. H.B. Frere, *Industrial resources of South Africa*, Greenwood Press, London, 1881; A. Wilmot, *The book of South African industries*, Taylor and Marshal Printers, Cape Town, 1892.

32. S. Evans, *South Africa: preference and protection in British South Africa*, Johannesburg, 1912; H.P. Gordon, *Protection and prosperity versus free trade and industrial ruin*, South African Publishers, Cape Town, 1912; K. Gundelfinger, *Protection and free trade*, South African Publishers, Cape Town, 1912; W.J. Laité, *The Union tariff: The case of manufacturers*, South African Manufacturers Association, Cape Town, 1913.

33. W.F. McMullen, "The Union's industrial progress" *South African Journal of Industries* 6, 1923; H.J. Choles, "Recent progress in manufacturing industries", *South African Journal of Industries* 6, 1923; A.J. Bruwer, *Protection in South Africa*, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1923; H.E.S. Freemantle, "Industrial development in South Africa", *South African Journal of Industries* 7, 1924.

sou hê.<sup>34</sup>

Wye erkenning is in die Ekonomiese tydskrifte verleen aan die aard en omvang van industriële groei sedert die dertigerjare, veral die relatiewe voorspoed van binnelandse nywerhede as gevolg van die teensikliese uitbreiding van die goudmynbedryf gedurende die wêreldwye depressie en die droogte van die dertigerjare.<sup>35</sup> Ekonomie het veral aandag verleen aan die sterk rol van die konstruksiebedryf en die vervaardigingsindustrie as hoekstene van binnelandse groei,<sup>36</sup> maar daar is bedenkinge uitgespreek oor die volhoubaarheid van daardie ontwikkeling. Snelle industriële groei was afhanklik van ingevoerde insette (industriële rou materiaal) en kapitaaltoerusting, terwyl bittermin industriële produksie uitgevoer is en binnelandse nywerhede gevolglik afhanklik was van buitelandse valutaverdienstes van die primêre sektor om daardie invoere te finansier.<sup>37</sup> Publikasies in die tydskrifte vir Ekonomie het die impak van die Tweede Wêreldoorlog op binnelandse industrieë breedvoerig beskryf,<sup>38</sup> maar sedert die sestigerjare is die groter kompleksiteit en volwasewording van plaaslike industrialisasie ontleed. Daar is veral aandag verleen aan bronne van industriële groei, die ligging van industrieë, die rol van tariefbeskerming, die bydrae van sekere instellings soos Eskom, Sasol en Krygkor, asook Suid-Afrika se industrialisasie in 'n vergelykende perspektief.<sup>39</sup>

34. C.W. Pearsall, "Some aspects of the development of secondary industry in the Union of South Africa", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 5(4), 1937; H.E.S. Freemantle, "The outlook for industrialism in South Africa", *South African Journal of Industries* 8, 1925; A.J. Bruwer, "The Union tariff of 1925", *Journal of the Economic Society of South Africa* 1(1), January 1927; A.J. Bruwer, "Effects of the policy of protection", *Commercial and Industrial Gazette* 1(13), May 1927.
35. A.P.J. Fourie, "The organisation and development of secondary industry in the Union of South Africa", *Commercial and Industrial Gazette* 4(42), October 1929; L. Katzen, *Gold and the South African economy*, Balkema, Cape Town, 1964.
36. V. Bosman, *Industrial development in South Africa*. Government Printer, Pretoria, 1936; G.C.R. Bosman, *The industrialisation of South Africa*, Den Boer, Rotterdam, 1938.
37. Vgl. C.W. Pearsall, voetnoot 33; F.J. van Biljon, *State interference in South Africa*, King, London, 1938; C.E.W. Lea, *Industrialisation and the development of the South African economy*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1941.
38. H.J. Laite, *The importance of industries in the economic and social progress of South Africa*, South African Publishers, Cape Town, 1943; W.A. Pitts, "South African industry — past and future: Its achievements in the War period", *South African Mining and Engineering Journal* 56(2), February 1946; H.M. Robertson, "The War and the South African economy", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 22(1), Maart 1954; J.H. Dobson, "South Africa in the post-War era: industrial progress reviewed", *South African Electrical Review* 43(373), June 1949; H.J. van Eck, *Some aspects of South Africa's industrial revolution*, S.A. Institute of Race Relations, 1954; G.F.D. Palmer, "South Africa's industrial revolution", *Manufacturer* 6(5), March 1965.
39. C.S. Richards, "The task before us: with special reference to industry", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 12(3), September 1944 en 13(1), Maart 1945; J.J. Kitschoff, *Die ontwikkeling van die sekondêre nywerheid in die Unie, 1915-1939*, M.Comm-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1950; G.F.D. Palmer, "Some aspects of the development of secondary industry in South Africa since the Depression of 1929-1932", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 22(1), Maart 1954; L.H. Samuels, "Some aspects of industrial development in South Africa", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 27(2), Junie 1959; G. Marais, "The relation between economic development and the location of secondary industry in South Africa", *Finance and Trade Review* 5(6), 1963; T.A. du Plessis, "The industrial growth pattern and the real forces of economic expansion in South Africa, 1916/1917 - 1956/1957", D.Comm. dissertation, University of South Africa, 1965; C.F. Scheepers, "Die invloed van invoervervanging op die omvang en samestelling van Suid-Afrika se invoere, 1926/1927 - 1963/1964", D.Comm-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1969; J.A. Dökel, "Sources



Twee aangeleenthede het intense debat onder ekonome bly aanwakker, naamlik die probleem van die sentralisasie van nywerhede en die probleem van die afhanklikheid van plaaslike nywerhede van ingevoerde insette. Die desentralisasie/streekontwikkelingsprogram debat is hoofsaaklik gevoer in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*.<sup>40</sup> Van der Horst het die problematiek uitgewys van politieke oogmerke met ekonomiese beleidsrigtings — gevolglik ongelike aansporings aan nywaars wat 'n element van onsekerheid in ekonomiese aktiwiteit inbring. Bell het bevind dat werkskepping in gedentraliseerde gebiede nie suksesvol was nie en nie inkomelvlakke verhoog het nie, want bevolkingsgroei het hoog gebly en lone laag. McCarthy het aangedui hoe die nuwe streeksontwikkelingsprogram ontkom het aan die beperkings van die desentralisasieprogram, maar die rasionaal van werkskepping waar die werkers is, net soos Tomlinson, verwerp. McCarthy en Tomlinson meen dat ontwikkeling ingeboet is deur die drang tot desentralisasie ten koste van ontwikkeling waar die meeste mense was, naamlik stedelike gebiede. Dickman het daarop gewys dat die fokus op die vestiging van industrieë in landelike gebiede misplaas was en dat werkskepping in die tersiêre sektor (dienste, toerisme) en die primêre sektor (landbou en myne) meer koste effektief en winsgewend aan werksgeleenthede sal wees.<sup>41</sup> Die gevolgtrekking van Holden se ontleding van die koste van nywerheidsdesentralisasie, is dat Suid-Afrika nie so 'n beleid kan bekostig nie. Sy sluit aan by Addleson se standpunt dat die subsidies vir nywerheidsdesentralisasie veroorsaak het dat negatiewe waarde in produksie toegevoeg is en dat ekonomiese groei in daardie gebiede afhanklik was van oordragte van bronne uit meer welvarende gebiede na minder ontwikkelde gebiede. Dit verteenwoordig 'n oordrag van bronne en nie ontwikkeling nie.<sup>42</sup> Hoewel daar erkenning bestaan vir die ekonomiese rasionaal agter industriële desentralisasie, naamlik beter benutting van bronne en die vernouing van die verskil in inkomelvlakke tussen geografiese gebiede, het die politieke rasionaal daaragter ernstige beperkings daarop geplaas.<sup>43</sup>

In die tweede geval is die sukses van die beleid van industriële proteksionisme ontleed. Die feit van beskerming het wel bygedra tot die verbreding van die industriële basis van die ekonomie, maar het nie 'n volgehoue proses van industriële groei gegeneer nie. Binnelandse industrieë se afhanklikheid van invoere het herhaaldelik betalingsbalansprobleme

---

of growth in the South African manufacturing sector", *Journal for Studies in Economics and Econometrics* 2, April 1978; Vgl. G. Marais, voetnoot 17.

40. S. van der Horst, "The economics of decentralisation of industry", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 33, 1965; R.T. Bell, "Some aspects of industrial decentralisation in South Africa", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 41(4), 1973; C.L. McCarthy, "Industrial decentralisation - reflections on the new initiatives", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 50(3), 1982; R. Tomlinson, "Industrial decentralisation and relief of poverty in the homelands", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 51(4), 1983; M.G. Holden, "Costs of decentralisation: a theoretical and empirical analysis", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 58(2), 1990; A.B. Dickman, "Costs of industrial decentralisation in South Africa", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 59(2), 1991.
- S.F. Coetzee, "Ruimtelike ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika na aanleiding van die nuwe nywerheidsontwikkelingsvoorstelle", *Tydskrif vir Ekonomie en Ekonometrie* 10, April 1981 - hier ondersteun Coetzee Dickman se argument vir nie slegs industriële ontwikkeling in gedentraliseerde gebiede nie.
42. M. Addleson, "Decentralisation incentives, industrialists' plans and the location of manufacturing activity", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 58(2), 1990.
43. A.B. Lumby, "Industrial history in South Africa: past trends and future needs", *South African Journal of Economic History* 10(1), March 1995, p. 81.

meegebring.<sup>44</sup> Die debat het verskuif na die wenslikheid van die vervanging van 'n invoervervangingstrategie na uitvoergerigte industrialisasie.<sup>45</sup> Die aandag het geval op die ontleding van die koste van industriële produksie met beskerming vir die beperkte binnelandse mark, teenoor die koste-effektiewe internasionaal mededingende industriële produksie van onder andere Suidoos-Asiatiese lande. Standish en Galloway het egter die mededingende voordeel wat Suid-Afrikaanse vervaardigingsindustrië teen 1990 geniet het, ontleed en bevind dat net twee bedryfstakke, naamlik hout- en houtprodukte en die metaalprodukte-industrie, moontlik mededingende voordeel geniet. Die ander vervaardigingsindustrië het 'n te oormatige afhanklikheid van kapitaal (dus is te kapitaalintensief), wat juis in die geval van Suid-Afrika 'n skaars kommoditeit is. Oor kapitalisering beteken oneffektiewe gebruik van kapitaal en dit belemmer 'n suksesvolle uitvoerpoging. Hulle standpunt is dus dat uitvoeraansporings wel uitvoere sal verhoog, maar teen watter prys: is uitvoere wat so gesubsidieer word internasionaal mededingend?<sup>46</sup>

Die debat oor die wenslikheid van 'n inwaartsgerigte teenoor 'n uitwaartsgerigte strategie vir industrialisasie, word nog steeds in meeste internasionale handboeke oor ontwikkeling gevoer. In Suid-Afrika is dit egter nie die historici wat tot hierdie debat toegetree het nie, maar dit is essensieel 'n debat onder ekonome. Die belangrikste bydrae wat deur ekonomiese historici in hierdie verband gelewer is, is die verkenninge werk van André Müller<sup>47</sup> waarin hy die ekonomiese beleidsrigtings van die regerings in Singapoer en Suid-Korea ten aansien van industriële ontwikkeling ontleed en dui op die voordele verbonde aan die uitwaartsgerigte strategie vir ontwikkeling.

Die waardevolle bydrae van ekonome tot die studie van industrialisasie in Suid-Afrika is daarin geleë dat empiriese studies onderneem is en word, aan die hand waarvan historici die ontwikkelingsgang van industrialisasie kan bestudeer. Daar is meer artikels as wat hier in 'n voetnoot opgeneem kan word, maar deeglike gebruik van publikasies in *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* en die *Tydskrif vir die Studie van Ekonomie en Ekonometrie* onder andere, maak dit moontlik om industrialisasie in Suid-Afrika vanuit die makro- en mikro-ekonomiese perspektief te bestudeer.

- 
44. J. Natrass, *The South African economy: its growth and change*, pp. 146-147; Vgl. ook die ongepubliseerde referaat van A.B. Lumby, "Industrial history in South Africa: An exploratory survey". Referaat gelewer voor die Tweejaarlikse Kongres van die 'Economic History Society of Southern Africa', UNISA, 24 Julie 1994.
45. S.J. Kleu, "Industrial policy", in J.A. Lombard (ed.), *Economic policy in South Africa*, HAUM; Pretoria, 1973; Vgl. ook Kleu (voetnoot 16); M.L. Truu (ed.), *Public policy and the South African economy*, Oxford University Press, Cape Town, 1976; B. Kantor and D. Rees, *South African economic issues*, Kenwyn, Cape Town, 1982 (Hoofstuk 5); *Report of the Commission of Enquiry into the Export Trade of the Republic of South Africa*, (Reynders Commission) R.P.69/1972; G. Marais, "Import replacement and the development of intermediate industries in South Africa", *Finance and Trade Review* 7, March 1966; T.A. du Plessis, "Nywerheidsontwikkeling - vraagfaktore", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 41(4), Desember 1973; R.T. Bell, "Productivity and foreign trade in South African development strategy", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 43(4), Desember 1975; A.E. Ratcliffe, "Industrial development policy in South Africa", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 47(4), Desember 1979.
46. B. Standish en D. Galloway, "Exports, efficiency and capital in South African manufacturing", *Tydskrif vir die Studie van Ekonomie en Ekonometrie* 15(1), 1991.
47. Vgl. A.L. Müller, "Industrial policy in Singapore", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* 62(3), September 1994.

### 3. Sosio-politieke historiografie oor industrialisasie in Suid-Afrika

Die neo-marxistiese historiografie, wat ook soms as die revisionistiese historiografie bekend staan, het in die vroeë sewentigerjare begin om die strukturele kenmerke van die Suid-Afrikaanse politieke ekonomie te evalueer om vas te stel of die dinamiese kragte van modernisering "... will in fact tend to dissolve the racial oligarchy. Underlying all these arguments is the assumption that all of Southern Africa is involved in *one* economy."<sup>48</sup> Die hoofdoel met die neo-marxistiese historiografie was dus om aan te dui dat die Suid-Afrikaanse ekonomie nie 'n dualistiese ekonomie was nie, maar inderdaad 'n verenigde een was waarin rassebeleidsrigtings funksioneel was tot die groei daarvan.<sup>49</sup> Die agenda is dus om apartheid as 'n funksionele politieke program tot kapitalistiese ekonomiese ontwikkeling te verbind. Die neo-marxistiese skrywers het nooit na industrialisasie in Suid-Afrika as ekonomiese verskynsel as sodanig ondersoek ingestel nie, maar binne die raamwerk van die politieke ekonomie van rasse-oorheersing ten einde te verduidelik waarom die konvensionele marxistiese klasstryd tussen kapitaal en arbeid (ongeag ras) in Suid-Afrika nie realiseer nie — dus hoe word die rasse-politieke ekonomie verklaar. Die teoretiese grondslag van die neo-marxistiese historiografie is die historiese materialisme wat in ekonomiese teorie beteken dat waarde slegs deur arbeid geskep word en as sodanig die dinamiese proses van klasstryd tussen dele van die kapitalistiese klas onderling, en met arbeid andersyds, veroorsaak. Die neo-marxistiese "historici" het nie na die ekonomiese sy van industrialisasie ondersoek ingestel nie, maar na die sosio-politieke implikasies/gevolge van die, na hul oordeel, onafwendbare stadium van kapitalistiese ontwikkeling (naamlik industrialisasie) op die Suid- en Suider-Afrikaanse gemeenskappe. Daar word ook in die abstrakte waardeteorie van die aanname uitgegaan dat die klasstryd gaan plaasvind en dat kapitaal in dié proses sal hergroepeer ten einde die beslissende konfrontasie uit te stel (industrialisasie word as hergroepering beskou, 'n oorgang van monopolie landbou- of monopolie mynboukapitaal tot industriële kapitaal). Gevolglik is die ondersoek nie na hoe byvoorbeeld vraag en aanbod pryse of markte raak nie, maar na die klasstryd, die stryd tussen kapitaal (in welke vorm ookal) en arbeid — basies 'n gedetermineerde stryd. Die fokus is op die transformasie van die "society into a modern industrial economy ..."<sup>50</sup> en nie na ekonomiese verandering nie. Saunders meen ook die revisioniste het nog nie die geskiedenis van industrialisasie geskryf nie, maar wel 'n geskiedenis van sosiale transformasie van pre-kapitalisme na kapitalisme deur middel van rassisme.<sup>51</sup>

---

48. P. Kallaway, "What happened in South African History?", *Concept*, June 1975.

49. Vgl. G. Verhoef, "Die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika. 'n Historiografiese studie", M.A.-verhandeling, RAU, November 1982, pp. 66-68, 129-130, 187-243. Daarin word verwys na die verskillende artikels en ander publikasies waarin die revisionistiese standpunt van die funksionaliteit van apartheid vir kapitalisme uiteengesit word.

50. Vergelyk B. Freund, "Development and underdevelopment in southern Africa: an historical overview", *Geoforum* 17(2), 1986.

51. Vgl. bv. M. Legassick, "The dynamics of modernisation in South Africa", *Journal of African History* 13(1), 1972 (Boekresensie); "Race, industrialisation and social change in South Africa: the case of R.F.A. Hoernlé", *African Affairs* 75(299), 1976; "South Africa: capital accumulation and violence", *Economy and Society* 3(3), 1974; D.E. Kaplan, "The politics of industrial protection in South Africa 1910-1939", *Journal of Southern African Studies* 3(1), October 1976; S. Marks & R. Rathbone (eds.), *Industrialisation and social change in South Africa. African class formation and consciousness, 1870-1930*, Longman, London, 1982. (Hierdie werk is suiwer 'n sosiale geskiedenis van verskillende fasette van klassevorming ooreenkomstig die historiese materialisme.) Dieselfde geld vir S. Marks &

Industrialisasie wat primêr die makro-ekonomiese verskynsel van toenemende sekondêre nywerheids groei, die groei van die vervaardigingsbedryf is, is nie die fokus van die neo-marxistiese geskiedskrywing nie. In die neo-marxistiese publikasies oor die politieke ekonomie en sosiale transformasie tydens industrialisasie, word die volgende temas aangeraak.

1. Die oorsprong van segregasie (en die ander vorme van rasse-onderskeid in politieke programme daarna) as 'n program wat funksioneel tot die ontwikkeling van kapitalisme is. Hierdie tema loop soos 'n goue draad deur die werke van Legassick Wolpe, Johnstone, O'Meara en meer onlangs dié van Deborah Posel.<sup>52</sup>
2. Veral die strukturalisme onder die revisioniste het baie aandag verleen aan die periodisering van Suid-Afrika se ekonomie aan die hand van die klassestryd tussen fraksies van kapitaal (handelskapitaal teen mynboukapitaal, mynboukapitaal teen industriële kapitaal, ens.) as verklaring vir die optrede van die staat (as werktuig van die dominante kapitalistiese klassefraksie). Hier word veral verwys na die werk van R. Davies<sup>53</sup> en D. Innes<sup>54</sup> en D. Kaplan.<sup>55</sup> In al hierdie werke word industrialisasie behandel as deel van die stryd tussen fraksies van kapitaal, met die klem op die mynboukapitaal (byvoorbeeld Anglo American Corporation) se "herstrukturering" na industriële kapitaal. Die proses van industrialisering as sodanig word nie ondersoek nie.
3. Arbeid is natuurlik sentraal in die neo-marxistiese historiografie. Die aandag word gefokus op die proses van "primitiewe akkumulasie" waardeur die staat onafhanklik tradisionele gemeenskappe dwangmatig tot loonarbeid geproletariseer het.<sup>56</sup> Vanaf die "beskaafde arbeidsbeleid" van die Pakt-regering, die Loonwet, Wet op

---

S. Trapido (eds.), *The politics of race and class and nationalism in twentieth century South Africa*, Longman, London, 1987; S. Trapido, "South Africa in a comparative study of industrialisation", *Journal of Development Studies* 6(3), 1971; B. Bozzoli, "Ideology and the manufacturing class", *ICS, CSP* 15(18), 1973/74; "The origins, development and ideology of local manufacturing in South Africa", *Journal of Southern African Studies* 1(2), 1975; H. Wolpe, "Capitalism and cheap labour: power in South Africa. From segregation to apartheid", *Economy and Society* 1(1), 1992.

52. Verwys ook na Legassick en Wolpe se artikels hierbo, asook: M. Legassick, "Legislation, ideology and economy in post-1948 South Africa", *Journal of Southern African Studies* 1(1), 1974; F.A. Johnstone, *Class, race and gold. Class relations and racial discrimination in South Africa*, Routledge and Kegan Paul, London, 1976; D. O'Meara, *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1943*, Ravan Press, Johannesburg, 1983; D. Posel, *The making of apartheid, 1948-1961: Conflict and compromise*, Clarendon Press, Oxford, 1991. Oxford, 1991.
53. R. Davies, *Capital, state and white labour in South Africa, 1900-1960. An historical materialist analysis of class formation and class relations*, Harvester Press, Sussex, 1979.
54. D. Innes, *Anglo. Anglo American and the rise of modern South Africa*, Ravan Press, Johannesburg, 1984.
55. D. Kaplan, "The politics of the industrial protection in South Africa, 1910-1939", *Journal of Southern African Studies* 3(1), Oktober 1970.
56. Vergelyk die literatuur hieroor soos waarna verwys word in G. Verhoef, "Die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika. 'n Historiografiese studie", pp. 131-177, 235-298; W. Beinart, P. Delius & S. Trapido (eds.), *Putting a plough to the ground. Accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*, Ravan Press, Johannesburg, 1986; T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa: The southern highveld to 1914*, Ravan Press, Johannesburg, 1986.

Nywerheidsversoening (1923) tot uiteindelik by die Riekert- en Wiehahn-Kommissies is die tema die manipulasie van arbeid deur die kapitaliste deur middel van die staat.<sup>57</sup> Wanneer Freund skryf oor arbeid in die sekondêre industrie<sup>58</sup> word gewys hoe die samestelling van die industriële arbeidskorps, hoofsaaklik op die Witwatersrand, verander het na die indiensneming van meer vroue en nie-blankes as wat in wetgewing vereis is. Hy wys op die druk wat industriële kapitaliste op die staat uitgeoefen het toe laasgenoemde die arbeidsmag in terme van segregasiebeleidsrigtings wou struktureer. Freund ontken egter Lipton se standpunt dat rasgebaseerde beleidsrigtings van die staat disfunksioneel vir sakelui was (p. 104).

4. Die naaste wat die neo-marxistiese historiografie aan industrialisasie as ekonomiese verskynsel kom, is hul ondersoek na die vestiging van die openbare sektor in Suid-Afrika deur die stigting van YSKOR, ESKOM, SASOL, ensovoorts. Die eerste publikasie in hierdie verband was dié van R. Christie oor ESKOM,<sup>59</sup> waarin gewys word op die "kick-start" wat plaaslike industrialisasie deur elektrisiteitsvoorsiening van die staat ontvang het. Net soos wat Natrass ook aanvaar, het die belange van plaaslike kapitaal gebaat bo buitelandse kapitaal deurdat staatskorporasies binnelandse industrialisasie bevoordeel het. Christie beklemtoon die oorwinning van "domestic capital" oor "foreign capital" met die vestiging van ESKOM, maar hou sy verklaring van die rol van elektrisiteit stewig binne die neo-marxistiese klassestryd paradigma. Dieselfde benadering volg D. Innes<sup>60</sup> ten aansien van ESKOM, YSKOR en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie. Nancy Clark stem saam met ekonomiese historici (waarna verwys word in voetnoot 26): dat die vestiging van staatskorporasies binnelandse industrialisasie ondersteun het, maar sy meen nie dat die vestiging daarvan 'n breuk met buitelandse kapitaal meegebring het nie. Sy handhaaf die "enkele kapitalistiese wêrelddekkende benadering" en wys op die voortgesette buitelandse investering in die staatskorporasies en ooreenkomste om onderlinge mededinging te verhoed as meganismes om hoë wins aan dié korporasies te besorg.<sup>61</sup> Clark verklaar: "The state corporations did not so much challenge private capital ...

- 
57. D. Richardson, *Chinese mine labour in the Transvaal*, Atlantic Highlands, Humanities, 1982; P. Rich, "Ministering to the white man's needs: the development of urban segregation in South Africa, 1913-1923", *African Studies* 37(2), 1978; E. Webster (ed.), "Essays in southern African labour history", *Ravan Labour Studies* 1, Ravan Press, Johannesburg, 1981; D. Hindson & M. Lacey, "Influx control and labour allocation: policy and practice since the Riekert Commission", *South African Review* 1, Ravan Press, Johannesburg, 1983; D. Hindson, "The role of the labour bureaux in South Africa: a critique of the Riekert Commission Report", in D. Hindson (ed.), *Working papers in Southern African Studies* III, Ravan Press, Johannesburg, 1983; Vgl. ook D. Posel (voetnoot 36) en D. Hindson, Book Review, *Journal of Southern African Studies* 14(1), 1987, oor die rol van instromingsbeheer in arbeidsregulering. Instromingsbeheer word as funksioneel tot die ontwikkeling van industrialisasie beskou.
  58. W.M. Freund, "The social character of secondary industry in South Africa: 1915-1945 (With special reference to the Witwatersrand)", in A. Mabin (ed.), *Organisation and economic change. Southern African Studies* V, Ravan Press, Johannesburg, 1989.
  59. R. Christie, *Electricity, industry and class in South Africa*, SUNY Press, Albany, 1984.
  60. *Anglo American and the rise of modern South Africa*.
  61. N. Clark, "South African state co-operations: 'The death knell of economic colonialism'" *Journal of Southern African Studies* 14(1), 1987.

they rather provided a greaving link between the state and the private sector.<sup>62</sup>

Die neo-marxistiese historici het dus baie bygedra tot 'n sosiologiese beskouing van die sosiale impak van ekonomiese verandering in Suid-Afrika, maar industrialisasie as ekonomiese verskynsel as sodanig kan hulle nie ondersoek nie, want hul teoretiese vertrekpunt sluit dit uit. Die abstrakte weardeteorie fokus op die waarde wat slegs deur arbeid geskep word, as dinamiese dryfkrag in die histories-gedetermineerde klassestryd. Selfs in die mees resente oorsig deur Bozzoli en Delius<sup>63</sup> figureer industrialisasie as sentrale ekonomiese verskynsel in die geskiedenis van Suid-Afrika nie.

#### 4. 'n Historiografiese debat oor industrialisasie?

Shula Marks het daarop gewys dat die politieke veranderings wat in Suid-Afrika voltrek is sedert die laat sewentigerjare, ernstige beperkings geplaas het op 'n standpunt dat die staat altyd funksioneel optree tot die behoeftes van kapitalisme.<sup>64</sup> Hierdie artikel handel egter nie oor die kapitalisme/apartheid-debat as sodanig nie. Daarom merk ons slegs op dat die politieke veranderinge in Suid-Afrika verantwoordelik was vir erkennings dat voortgesette kapitalistiese ekonomiese groei in botsing met politieke beleidsrigtings van skeiding gekom het. Merle Lipton het toegegee dat die koste van apartheid te hoog was vir kapitalisme. Die uiteindelige "logic of the market" het apartheid ondermyn.<sup>65</sup> Die belangrike punt is egter dat politieke veranderings uiteindelik die onhoudbaarheid van 'n bepaalde teoretiese vertrekpunt uitgewys het in die neo-marxistiese historiografie. Ekonomie en ekonomiese historici het egter nie met dié skrywers op hul terrein oor industrialisasie gedebateer nie. Die twee groepe het vanuit twee redelik uiteenlopende teoretiese raamwerke geargumenteer, maar Merle Lipton se werk *Capitalism and apartheid* (1986) het probeer om die sogenaamde "libera/radical debate" te versoen deur toe te gee dat aspekte van vroeë segregasiebeleidsrigtings tog iets was waarmee kapitalisme kan saamleef.<sup>66</sup> Neo-marxistiese historici het nooit grondige ekonomiese navorsing gedoen om byvoorbeeld vas te stel wat presies die verwantskap tussen lone, produktiwiteit, winsgewendheid en kapitaalintensiteit was nie. Dit is die gevolg van die neo-marxistiese steun op teoretiese samehang, omdat hulle nie die navorsingsmetodologie of konsepte van Ekonomie self bemeester het nie.<sup>67</sup> Natrass se navorsing dui juis daarop dat die beleid van apartheid winsgewendheid en produktiwiteit ondermyn het en uiteindelik

---

62. *Ibid.*, p. 122.

63. Vgl. B.Bozzoli & P. Delius, "Radical history and South African society", *Radical History Review* 46(7), 1990.

64. Verwys in N. Natrass, "Controversies about capitalism and apartheid in South Africa: an economic perspective", *Journal of Southern African Studies* 17(4), Desember 1991, p. 674, voetnoot 133.

65. Hier word verwys na: A. Torchia, "The business of business: an analysis of the political behaviour of the South African manufacturing sector under the Nationalists", *Journal of Southern African Studies* 14(3), 1988 (Torchia meen egter dat politieke onrus die veranderings aangeblaas het); O. Crankshaw, "Apartheid and economic growth: Craft unions, capital and the state in the South African building industry, 1945-1975", *Journal of Southern African Studies* 16(3), 1990.

66. M. Lipton, *Capitalism and apartheid*, pp. 318-376; Vgl. ook K.R. Hughes, "Lipton's 'Capitalism and apartheid' in the light of modern social theory", Referaat gelewer voor Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Januarie 1989, Pietermaritzburg.

67. N. Natrass, *Controversies about capitalism and apartheid*, p. 655.

aanleiding gegee het tot verhoogde kapitaalintensiteit in produksie, in plaas van arbeidsintensiteit.<sup>68</sup>

Fine en Rustomjee beklemtoon dat mynboukapitaal ook baie bygedra het tot industriële diversifikasie, in teenstelling met die opvatting dat slegs die staat deur middel van industriële proteksionisme industrialisasie bevorder het. Hulle beklemtoon dus groter aandag aan politieke en ekonomiese samewerking en interafhanklikheid, selfs in die periode tussen die twee wêreldoorloë, in plaas daarvan om industriële groei slegs te interpreteer as die gevolg van 'n klassestryd. Industriële groei en diversifikasie het selfs plaasgevind buite sektore wat staatsteun geniet het, soos die chemiese en industriële diamant produkte-bedrywe, in assosiasie met die mynbedryf self.<sup>69</sup> Die onhoudbaarheid van die simplistiese klasse-analise vir die verklaring vir die verhouding tussen ekonomiese en politieke mag in die laat tagtiger- en negentigerjare in Suid-Afrika, geld ewe seer vir die periode tussen die twee wêreldoorloë.

Die Suid-Afrikaanse historiografie behoort nou 'n nuwe fase te betree van 'n nuwe ondersoek na die geskiedenis van industrialisasie, op voorwaarde dat die ondersoek ekonomies-histories moet wees. Daarmee word bedoel dat grondige navorsing, geskoei op ekonomiese metodologie, kwalitatief en kwantitatief gedoen moet word om die gebrek aan empiriese studies oor die ontstaan, ontwikkeling en diversifikasie van industrialisasie op te lewer. Dis nie genoeg om net op die verskille in teoretiese vertrekpunte te steun as verklaring vir die gebrekkige historiografie oor industrialisasie nie. Basiese empiriese studies reeds onderneem deur ekonome, moet bestudeer word en ander vraagstukke moet belig word. Hier word na enkele verwys:

- Monetêre en fiskale beleid en die impak daarvan op industrialisasie. Dit gaan hier om 'n ondersoek na die invloed van monetêre en fiskale beleid op vlakke van industriële groei. Die ervaring van Japanese of Suid-Koreaanse industrialisasie kan hier as waardevolle vergelykingsgrond dien.
- Die finansiering van industrialisasie deur die verskillende fases van die proses. Die vraag is hier hoe ver die staat of die privatektor die proses gefinansier het of behoort te finansier.
- Die ontwikkeling van die kostestrukture in industrieë, veral om na te gaan in hoeverre die industriële proteksionisme en vakbond- en arbeidsbeleid die winsgewendheid van die industriële sektor beïnvloed het.
- Baie meer gevallestudies oor indiwiduele ondernemings, korporasies of bedrywe moet gedoen word sodat uiteindelik 'n sintese oor industriële groei en diversifikasie geskryf kan word.
- Die werk van Archer wat wys op die werklike impak van tariewe op werkskepping dwarsdeur Suid-Afrika se ekonomiese geskiedenis moet sistematies verder geneem word.
- Die rol van internasionale handel en die voorskrifte van die AOTH ten aansien van die verwydering van beskerming van binnelandse nywerhede moet sistematies nagevors word.
- Konjunktuersiklusse wat verantwoordelik kon wees vir oplewings/afplattings in industriële groei, verdien meer aandag. Die ervaring van Suid-Afrika met industrialisasie moet in perspektief tot industrialisasie in ander wêrelddele geplaas

---

68. *Ibid.*, p. 676.

69. B. Fine & Z. Rustomjee, The political economy of South Africa in the interwar period, *Social Dynamics* 18(2), 1992.

word.

Die evaluering van die chronologie in industrialisasie is steeds nodig. Hier kan byvoorbeeld empiriese toetsing gedoen word van Rostow se fases/stappe van industrialisasie, gemeet aan die Suid-Afrikaanse ervaring.

Gevallestudies van die rol van die NOK, die mynbedryf en ander bedryfstakke in besonder in industriële groei en diversifikasie in Suid-Afrika.

Die rol van tegnologiese ontwikkeling in Suid-Afrikaanse industrialisasie is grootliks onaangeraak.

## 5. Samevatting

Die navorsing oor industrialisasie in Suid-Afrika het nie die vorm van 'n debat aangeneem nie. Daar is uit verskillende paradigmas na verskillende aspekte van industrialisasie gekyk. Die verskille in historiese geleedere gaan oor die interpretasie van die sosiale gevolge van industrialisasie; oor die politieke funksionaliteit van apartheid as sodanig vir kapitalistiese ontwikkeling. Die ekonomiese historici en ekonome se fokus is nie op die sosiaal-politieke aspek van industrialisasie gerig nie, maar op die ondersoek na die ekonomiese verskynsel as 'n *ekonomiese* verskynsel. Waar raakpunte met die sosiale geskiedenis van industrialisasie kan bestaan, is by die antwoorde op die neo-marxistiese historici se interpretasie van industrialisasie. Die antwoorde op die vrae oor industrialisasie sal die gevolg moet wees van diepgaande ekonomiese navorsing, nie van ideologiese argumentering oor industrialisasie vanuit 'n bepaalde vooropgesette teoretiese raamwerk nie. Ekonomiese historici en ekonome se navorsing oor die koste van industrialisasie, arbeid, tegnologie; die invloed van monetêre en fiskale beleid op industrialisasie; groei/afplating in industriële produksie oor tyd, ensovoorts (antwoorde op die soort vrae hierbo gestel) meet uiteindelik die geskiedenis van industrialisasie in Suid-Afrika daarstel. Dit kan nie gedoen word deur diegene wat Ekonomie nie ken nie; daarom is ons standpunt dat die liberale/neo-marxistiese toutrekkery op die kantlyn oor industrialisasie sal voortgaan, maar dat die antwoorde net sal voortkom uit grondige ekonomiese ondersoek na die aard en spesifieke manifestasie van industriële ontwikkeling in Suid-Afrika. Dit is nodig dat die kern van Ekonomiese Geskiedenis herstel word: "In order to qualify as economic history, a given piece of research must tackle issues of an economic nature — that is to put it crudely, issues that tackle in some way the three basic questions in economics:

1. What to produce?
2. How to produce it?
3. How to distribute the product?

"In practice, these three questions branch out into a series of more specific questions relating to the determination of prices; the allocation of scarce resources; short-term and long-term variations in production, employment, and demand, and their structure; variations in the distribution of wealth and income; and so on.

"To qualify as economic history a piece of research must employ the conceptual



instruments, the analytical categories and the type of logic forged by economic theory.<sup>70</sup>

Navorsing oor industrialisasie moet deur ekonomiese historici en in samewerking met ekonomiese navorsing gedoen word ten einde te voorkom dat die bespreking oor industrialisasie in Suid-Afrika bly vassteek by relativistiese sosiale geskiedskrywing, soos die soort werk waarna in 'n onlangse voordrag verwys is.<sup>71</sup>

---

70. C.M. Cipolla, *Between history and economics. An introduction to economic history*, Basil Blackwell, Oxford, 1991, p. 7.

71. W.M. Freund, "Economic history in South Africa: an introductory overview". Ongepubliseerde referaat gelewer by die Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Grahamstad, 3 Julie 1995, veral pp. 4-16.